



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Edna Eend neem swemlesse deur Anna Emm

Een oggend vroeg daag Edna Eend by Pieter Padda se huisie op om te hoor of hy vir haar sal swemlesse gee.

“Maar jy kan dan swem?” vra Pieter Padda verbaas. “Jy is dan ‘n eend!”

“Ek kan DRYF op die water, ja,” sug Edna Eend, “maar ek kan nie SWEM soos jy nie, Pieter Padda. Wanneer jy swem dan roei jy met jou voorpootjies en jy trap met jou agterpote, en dan skiet jy deur die water. Ek wil ook dit kan doen.”

En dit is dan hoe dit gebeur het dat Pieter Padda vir Edna Eend begin swemlesse gee het. Sommer gou het al die diertjies van die bos op die wal van die rivier bymekaar gekom om te kyk hoe Edna Eend swem. Die water het gespat en die modder het deur die lug getrek soos Edna probeer swem! Maak nie saak hoe hard Pieter Padda haar probeer leer het nie, Edna Eend kon maar net nie swem soos ‘n padda nie. Die ander diertjies het tog te lekker vir haar gelag op die wal van die rivier!

Maar Edna Eend wou nie moed opgee nie. Wanneer die ander diertjies nie kyk nie, het sy gaan oefen by die rivier. Sy het alles probeer doen soos Pieter Padda gesê het, en elke dag het sy tog ‘n klein bietjie beter, en ‘n klein bietjie netjieser geswem.

Een oggend to Edna Eend op die wal van die rivier rus, kom Mamma Eekhorning uitasem aangehardloop. “Waar is Pieter Padda?” roep sy benoud. “Waar is hy? Hy moet dadelik help! My klein eekhorinkie het bo uit die boom geval tot binne in die water, en as Pieter Padda hom nie gou gaan uithaal nie sal hy verdrink!”

Maar Pieter Padda is nêrens te sien nie. Daar is nie tyd vir rondstaan nie. Soos blits duik Edna Eend deur die lug. Sy skop met haar agterpote en sy roei met haar vlerke en sy skiet deur die water tot in die middel van die rivier. Die klein eekhorinkie spartel en spartel in die water, maar Edna gryp hom stewig in haar bek, en roei dan rustig op haar rug terug na die wal toe.


“Edna Eend, hoe sal ek ooit vir jou kan dankie sê?” roep Mamma Eekhorning en druk die klein eekhorinkie styf teen haar vas. “Ek het nie geweet jy kan só goed swem nie. Jy het my klein eekhorinkie se lewe gered.”

Baie ander diertjies staan nou ook op die wal en hulle klap hande vir Edna. Sy voel sommer baie trots op haar harde werk. En raai bietjie? Die volgende oggend toe Edna Eend by die rivier kom, staan ‘n hele ry diertjies vir haar en wag om vir hulle swemlesse te gee!

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie:

Edna Eend neem swemlesse illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za